# MISLEIDING SEDERT GENESIS

Die tema van die owerspelige vrou waarvan ons uiteindelik lees in Open. 17, het sy onstaan sedert Genesis. Dit was in die Tuin van Eden waar Eva verlei is deur die Slang, die Engel van die lig wat genoem word Lucifer en Satan. Paulus waarsku dat daardie Engel van die lig nog steeds werksaam is net soos wat dit in die tuin was. Dit geskied deur valse apostels, bedrieglike arbeiders wat lering bring, boodskappers van die Satan wat hulle voordoen as apostels van Messias.

> 2 Kor. 11:3 Maar ek vrees dat, **net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het**, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Messias.

> 2 Kor. 11:13 Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Messias.
> 2 Kor. 11:14 En geen wonder nie! Want **die Satan self verander hom in 'n engel van die lig**.
> 2 Kor. 11:15 Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke.

Adam is die hoof van die mensdom, fisies gesproke. As sulks moes hy die las dra van die misleiding van Eva deur wie hy hom laat lei het om ongehoorsaam te wees aan die Torah wat hulle van Elohiem ontvang het in die Tuin van Eden en so het Adam ook gesondig.

> 1 Tim. 2:13 Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva.
> 1 Tim. 2:14 En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom.

Omdat Eva as die vrou van Adam haar laat mislei het, het sy geestelik die eerste vrou geword om te hoereer. Sy het geestelike hoerery gepleeg deur haar eie verhouding met Elohiem te verbreek deur ongehoorsaamheid aan Hom, terwyl sy haar man ook betrek het in die proses. Sy was Adam se Verleidster en die kanaal waardeur sy val gekom het.

Let op na wat Elohiem aan Adam gesê het.

> Gen. 3:17 En aan die mens het Hy gesê: **Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou** en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.

Adam se sonde het 'n voortdurende en permanente gevolg op die mensdom gehad omdat ons almal "in Adam" is en ons sy sonde fisies geërf het. Ons was in Adam se gene en dus deel van die Sondeval.

Rom. 5:12 Daarom, **soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het** en deur die sonde die dood, en so die dood **tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het**
Rom. 5:13 want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie.
Rom. 5:14 Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom.
Rom. 5:15 Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van Elohiem en die gawe deur **die genade van die een mens, JaHUsha Messias, vir baie oorvloedig geword**.
Rom. 5:16 En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak.
Rom. 5:17 Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, **veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, JaHUsha Messias**.
Rom. 5:18 Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.
Rom. 5:19 **Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.**
Rom. 5:20 Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;
Rom. 5:21 sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur JaHUsha Messias, ons Meester.

Hierdie gedeelte kontrasteer die mens se verlore toestand "in Adam" met dit wat met die mens gebeur wanneer hy geestelik "uit die Eerste Adam geneem word" en geplaas word "in die Laaste Adam" op die oomblik wanneer die mens sy geloof stel in JaHUsha as die Messias. JaHUsha het anders as Adam, alle versoekings weerstaan (dink maar aan Matt. 4) en het Sy lewe vir Sy Bruid gegee op die Folterpaal. Dit keer die Sondeval in die Tuin om vir diegene wat persoonlik glo dat JaHUsha die Messias is vir hom of haar.

1 Kor. 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Messias lewend gemaak word;

1 Kor. 15:45 So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die **laaste Adam 'n lewendmakende Gees**.
1 Kor. 15:46 Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike.
1 Kor. 15:47 Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Meester uit die hemel.

1 Kor. 15:48  Soos die aardse mens was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense.
1 Kor. 15:49  En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra.

Eva was nadat sy die verbode vrugte geëet het, ‘n simbool van die Hoervrou van Open. 17.  Sy simboliseer ook die herhalende patrone van die sondige natuur in die mens.  Jakobus verwys hoe verleiding plaasvind, en as ons daaraan toegee, is dit soos wanneer daar konsepsie plaasgevind het.  Iets gaan daaruit gebore word, maar hierdie “kind” wat hieruit volg, is die dood.

Jak. 1:14  Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.
Jak. 1:15  Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.

Die mens wat uit die vlees lewe sal nie die koninkryk beërwe nie.

Gal. 5:19  En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;
Gal. 5:20  afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;
Gal. 5:21  afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

Die verlostes in Messias JaHUsha word deur JaHUsha bemin soos wat ‘n vrou deur haar man liefgehê moet word.  Die verhouding tussen ons as gelowiges en JaHUsha as ons Verlosser is ‘n huweliksverhouding.

Ef. 5:22  Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Meester.
Ef. 5:23  Want die man is die hoof van die vrou, soos Messias ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam.
Ef. 5:24  Maar soos die gemeente aan Messias onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.
Ef. 5:25  Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Messias ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het
Ef. 5:26  om dit af te sonder, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
Ef. 5:27  sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit afgesonder en sonder gebrek sou wees.
Ef. 5:28  So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;
Ef. 5:29  want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Meester die gemeente.

Ef. 5:30  Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.
Ef. 5:31  Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.
Ef. 5:32  Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Messias en die gemeente.
Ef. 5:33  In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig.

Die Hoervrou en die Maagdelike Bruid is teenoorgesteldes.  Die eerste is 'n simbool van 'n verlore mensdom in Adam en die tweede is 'n simbool van die herstelling van die mens in Messias as die laaste Adam.

Die hedendaagse misleiding van Judaïsme wat na ons toe kom via die Messiaanse beweging het ook sy tipe in die Torah.  Ons lees in Genesis 38 hoe Juda ('n tipe van Judaïsme) met 'n Kanaänitiese vrou getrou het, naamlik Sua.  Juda was ook bereid om met Tamar gemeenskap te hê toe sy haar as 'n prostituut voorgedoen het.

Aan die ander kant was Ragab 'n prostituut in Jerigo wat die Verspieders tot hulp was.  Sy was 'n instrument in die hand van JaHUaH en die rooi tou wat sy uitgehang het, was simbolies van die bloed van JaHUsha wat tot die redding gekom het vir elkeen wat dit aangryp.  Ragab se geloof in die Elohiem van Israel het haar ingebring in die huishouding van JaHUaH.

Juda en Ragab.  Eersgenoemde was veronderstel om te weet om hom nie te verbind met Kanaäniete nie en nie te hoereer nie, tog het hy.  Ragab was 'n Kanaäniet wat haar tot die Elohiem van Israel gewend het en haar bekeer het van haar vorige lewenswyse (1 Pet. 1:18).

Die simboliese beeld van 'n hoervrou sien ons ook in die boek van Spreuke.  Spreuke handel oor 'n vader wat vir sy seun advies oor die lewe gee.  Die seun word gemaan om Wysheid wat 'n Boom van die lewe is, te soek.  Vrou Wysheid en Vrou Dwaasheid word verder geopenbaar in Spr. 8 en 9.  Die seun moet homself bewaar van die misleiding en strikke van die Hoervrou (Vrou Dwaasheid).

Die apostel Paulus openbaar vir ons Wysheid as hy aan die Korinthiërs skryf en dit koppel aan Messias JaHUsha (1 Kor. 1:17 – 31, 1 Kor. 2).  Die Hoervrou in Spreuke is dus Valse Wysheid en 'n vals messias.  Die lewe en die wêreld is vol valse wysheid en vir elkeen wat bewus geraak het van die leringe wat vanaf die Rabbies van Judaïsme kom, is dit 'n waarskuwing.  Daar is eindelose voorbeelde van staaltjies en leringe wat nie streng Skrifgefundeerd is nie, maar wat meestal die oorsprong het uit die Talmud.  Ook omdat hulle die Nuwe Testament en ons Messias verloën, pas hulle die profetiese woord wan toe en lei hulle mense na 'n fisiese Israel en fisiese tempel met Levitiese priesters en diere as offers.

Dit lyk na wysheid, maar dis valse wysheid, valse lig.  Wanneer die Nuwe Testament wel toegepas word in die Messiaanse beweging, is dit 'n skriffie hier en 'n skriffie daar, maar nie die hele boodskap van dit wat JaHUsha kom vervul het en vir eens en altyd tot niet kom maak het nie

(soos die fisiese tempel en fisiese Jerusalem, offers, ensovoorts). Dit het die gevolg dat sekere boeke soos Hebreërs oorbodig word asook die boeke van Paulus en naderhand ook Petrus omdat hy positief na Paulus verwys het (2 Pet. 3:15 – 16). En so word mense stap vir stap beroof van die Ewige Testament en Verbond wat Messias JaHUsha as diè MelekTzadek vir ons kom hernu en bekragtig het, tot op so punt dat mense weer trag om hulle eie saligheid te bewerk deur die Torah van Moses te probeer hou om daardeur hulle regverdigheid te probeer verkry (Deut. 6:25). Hulle verloën letterlik 2 Kor. 5:21 en Rom. 3:22 en word weggelei vanaf Messias die Rots na sand wat verskuif (Matt. 7).

Dit is alles valse Wysheid ten koste van die Messias en Sy Torah (1 Joh. 1:1 – 8, 1 Joh. 2:6 – 11, Gal. 6:2, 1 Kor. 9:21, Matt. 28:19 – 20).

Die plan was dat Fisiese Israel die wêreld moes "evangeliseer". Hulle het gefaal. Die Seun of nageslag van Dawid (Jes. 11:1) het op die regte tyd gekom en almal verras. Hulle kon nie aanbeweeg vanaf die fisiese Koninkryk na die Geestelike Koninkryk van die Hemel nie. Daarom het ons vandag die twee Koninkryke wat in opposisie is, terwyl die wêreld as sulks alreeds in die vyand se sak is.

JaHUsha was al wat die Ou Testament voortdurend na gewys het maar Fisiese Israel het nooit in 'n posisie gekom om die rol te vervul wat uitgesit was vir hulle nie, daarom het ons vandag die Nuwe Testament as die Melgisèdekskrifte om ons Huis toe te lei ... en dit word slu geneutraliseer deur die misleidende leringe van vandag wat geïdentifiseer word as die Hoervrou van Babilon!

Volgens Spreuke kom die Hoervrou in die skemer, in die nag, d.w.s. ook wanneer dit op die einde van die dae vir ons kom, wanneer dit volgens profetiese tye al geestelik begin donker word rondom ons.

> Spr. 7:9 in die skemer, in die aand van die dag, in die middel van die nag en die donker.
> Spr. 7:10 En kyk, daar kom 'n vrou hom tegemoet, soos 'n hoer aangetrek en listig van hart—

Maar vir diegene wat vas bly staan by dit wat Messias JaHUsha op die folterpaal vir ons gedoen het, is dit lig.

> 1 Thess. 5:4 Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.
> 1 Thess. 5:5 Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.
> 1 Thess. 5:6 Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.
> 1 Thess.5:7 Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk.
> 1 Thess. 5:8 Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.

1 Thess. 5:9  Want Elohiem het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur ons Meester JaHUsha Messias
1 Thess. 5:10  wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe.

Valse Wysheid as die Hoervrou bied kennis aan en gelowiges maak graag hulle geestelike monde wyd oop vir die misleiding wat dan volg.

Gen 3:5  maar Elohiem weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos Elohiem sal wees deur goed en kwaad te ken.
Gen 3:6  Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.

Dit was 'n leuen wat hulle geglo het, en wat hulle 'n duur prys gekos het, naamlik die verbanning uit die tuin.

Die leuen en misleiding tot hierdie valse wysheid leef nog steeds voort.

2 Thess. 2:9  hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen
2 Thess. 2:10  en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.
2 Thess. 2:11  En daarom sal Elohiem hulle die krag van die dwaling stuur, **om die leuen te glo**,
2 Thess.  2:12  sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.

Die leuen wil graag oordra dat die mens sy eie "god" is en sy eie lot kan bepaal deur werke (Ef. 2:8 – 9).  Alle vals gelowe en kultusse toon eienskappe van diè leuen.

Maar Wysheid kom van bo, soos JaHUsha van bo gekom het en elkeen kan net in Hom wysheid hê (1 Kor. 1 en 2).

Jak. 3:17  Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.

Jesaja en Esegiël het Jerusalem as 'n Hoervrou geïdentifiseer.

Jes. 1:1  Die gesig van Jesaja, die seun van Amos, wat hy gesien het met betrekking tot **Juda en Jerusalem,** in die dae van Ussía, Jotam, Agas en Hiskía, die konings van Juda.

Jes. 1:21  Ag, hoe het **die getroue vesting 'n hoer geword**! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars!

Lees ook Eseg. 16.

> Eseg. 16:2  Mensekind, maak aan **Jerusalem** sy gruwels bekend

> Eseg. 16:15  Maar jy het vertrou op jou skoonheid en **gehoereer** vanweë jou naam; en jy het jou hoererye uitgestort op elkeen wat verbygegaan het, dat dit syne sou wees.

In Openbaring sien ons dat die Groot Stad Jerusalem is.

> Open. 11:8  en hulle lyke sal lê op die straat van die **groot stad** wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, **waar ook onse Meester gefolter is**.

Maar dis ook Babilon.

> Open. 14:8  En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.

Beide Jerusalem en Babilon word aangehaal as daar gesê word dat die stad dronk is vanweë die bloed van die profete en die afgesonderdes.

> Open. 17:6  En ek het die vrou gesien, **dronk van die bloed van die afgesonderdes en van die bloed van die getuies van JaHUsha**, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.

> Open. 18:24  En **die bloed van profete en afgesonderdes is in haar gevind**, en van almal wat op die aarde gedood is.

> Luk 13:31  En op dieselfde dag het sommige van die Fariseërs na Hom gekom en vir Hom gesê: Gaan weg en vertrek hiervandaan *(Jerusalem)*, want Herodes **wil U om die lewe** bring.
>
> Luk 13:32  En Hy het vir hulle gesê: Gaan vertel daardie jakkals: Kyk, Ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en môre, en op die derde dag is Ek klaar.
>
> Luk 13:33  Maar Ek moet vandag en môre en die volgende dag verder gaan, want **dit kan nie gebeur dat 'n profeet buitekant Jerusalem omkom nie**.
>
> Luk 13:34  **Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig**, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie.

> Open. 11:8  en **hulle lyke sal lê** op die straat van die **groot stad** wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, **waar ook onse Meester gefolter is**.

Jerusalem is dus Babilon. Dis vandag verteenwoordigend van drie belangrike gelowe, naamlik Judaïsme, die Christendom en Islam. So word daar gebou aan die Een-wêreld-godsdiens van die moderne Toring van Babel, waarvan Jerusalem die sentrum is.

Vanuit die valse religieuse sisteem, die Verborgene, Babilon die Grote, het elke vals geloof ontstaan, met die Kabbalah as oorsprong. Kabbalah is uit Babilon waarheen die Jode verban was, maar kom al sedert die Toring van Babel. Vanuit hierdie sisteem is ook dwelms, moord seksuele immoraliteit, towery korrupte filosofië en korrupte wetenskappe, die najaag van plesier en die liefde vir geld en mag.

Hierdie Hoervrou is dan ook besig om haar suurdeeg in te knie waar gelowiges besig is om lering te ontvang oor die Koninkryk van die Hemel. Die voëls (van die Duisternis) het hulle kom tuis maak in die boom van die Koninkryk van die Hemel.

> Matt. 13:31 ‘n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos ‘n mosterdsaad wat ‘n man neem en in sy land saai;
> Matt. 13:32 wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as dit gegroei het, groter is as die groentesoorte en ‘n boom word, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke.
> Matt. 13:33 ‘n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg wat ‘n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is.

Suurdeeg is vir ons ‘n simbool van die leuens van vals lering.

> Mat 16:12 Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, maar **vir die leer** van die Fariseërs en Sadduseërs.

Nou kom die opdrag dat ons met ongesuurde reinheid en waarheid moet feesvier.

> 1 Kor. 5:8 Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die **ongesuurde** *(brode van)* **reinheid en waarheid**.

Daar staan nie “brode” in die oorspronklike teks nie. So, dis net “ongesuurde reinheid en waarheid.”

Die Hoervrou wat dus beide ‘n Stad (Jerusalem) en ‘n Vrou is (Open. 17 – 18), is die teenpool van die Bruid van die Messias, wat die Nuwe Jerusalem is, Open. 21 – 22.

Die Groot Stad is die moeder van die Hoere (Open. 17:5). Maar vir die volgelinge van Messias JaHUsha is die Nuwe Jerusalem daarbo ‘n moeder.

> Gal 4:26 Maar **Jerusalem daarbo** is vry; en dit is **die moeder van ons almal**.

Die Groot Babilon, die Hoervrou, is nou verbonde aan die wêreldpolitiek en wêreldekonomie in al die verskillende fasette, m.a.w. die Dier. Sy ry op dit.

Om terug te kom na Eva. Haar naam in Hebreeus is eintlik Chawa. Dit beteken "die een wat lewe gee". Dis gepas omdat sy die Moeder van die fisiese mensdom is. Maar Maria was haar teenpool. Sy was 'n Maagd en die moeder van JaHUsha Messias uit Wie ons almal gebore moet word (Gal. 3:16, Joh. 3) om deel te kan wees van die Nuwe Jerusalem as Sy Bruid.

> Luk 1:27 na 'n **maagd** wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria.
> Luk 1:28 En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Meester is met jou; geseënd is jy onder die vroue.
> Luk 1:29 En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken.
> Luk 1:30 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by Elohiem gevind.
> Luk 1:31 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom JaHUsha noem.
> Luk 1:32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en JaHUaH Elohiem sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
> Luk 1:33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.
> Luk 1:34 Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?
> Luk 1:35 En die engel antwoord en sê vir haar: Die Afgesonderde Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Afgesonderde wat gebore word, Seun van Elohiem genoem word.
> Luk 1:36 En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is.
> Luk 1:37 Want geen ding sal by Elohiem onmoontlik wees nie.
> Luk 1:38 En Maria sê: Hier is die diensmaagd van JaHUaH. **Laat dit met my gaan volgens u woord**. En die engel het van haar weggegaan.

Maria het geglo wat die engel haar vertel het en was nie wederstrewig nie. Sy is 'n tipe van die Maagdelike Bruid van JaHUsha Messias ( 2 Kor. 11:2).

> 2 Kor. 11:2 Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Messias voor te stel.
> 2 Kor. 11:3 Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Messias.
> 2 Kor. 11:4 Want as iemand kom en 'n ander JaHUsha verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval.

Isèbel, die vrou van Koning Agab, het die hele volk mislei om Baäl te dien. Hulle het nie meer geweet wie die ware Elohiem was toe Elia op die toneel verskyn het nie. Dit was nodig dat Elia by Karmel 'n publieke skouspel moes hou sodat die Volk kon sien dat JaHUaH Elohiem is. Elia se naam is eintlik EliJaHU in Hebreeus en dit beteken: "My Elohiem is JaHUaH".

Geestelik is ons vandag weer daar waar die Volk was in die tyd van Elia. Die godsdienstige rigting wat ingeslaan word deur die Hebreeuse Wortels lyk so reg soos wat die Baälaanbidding vir hulle gelyk het. Ons was net veronderstel om die waarheid aangaande die Naam, die Sabbat en die feeste te leer, maar het ongelukkig baie meer as dit ontvang toe daar ruimte gemaak is om by die voete van die Rabbies te sit.

Isèbel in die Ou Testament is tipies ook die hoervrou en daar word simbolies na haar verwys in Open. 2:20 – 24.

> Open. 2:20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en **my diensknegte te verlei om te hoereer** en afgodsoffers te eet.
> Open. 2:21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.
> Open. 2:22 Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.
> Open. 2:23 En **haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak**, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en **Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke**.
> Open. 2:24 En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.

Die Hoervrou is dus 'n misleidende gees wat al sedert Eden daarop uit is om Gelowiges deur valse lig te probeer mislei om betowerd die Valse Profeet te volg totdat dit die geestelike dood voort sal bring.

Die Bruid is veronderstel om haarself te reinig van alle misleiding en leuens om gereed te wees vir die Bruilofsmaal. Dis die Shema-leefstyl: "luister fyn en pas dan toe".

Die teenoorgestelde is die "Wegholbruid", wat aanhoudend godsdienstig afvallig raak en weghoereer van Messias JaHUsha as haar Bruidegom, agter die "Ander" een aan (2 Kor. 11:4).

As ons mooi kyk, het die wiel so gedraai dat ons vandag weer geestelik op dieselfde plek is t.o.v. die Babiloniese Judaïsme van daardie tyd?

Hulle verwag 'n mens as Messias en glo nie in 'n Messias soos JaHUsha wat "goddelik" is nie, m.a.w. vanuit Elohiem nie. Hulle verdraai elke moontlike profesie wat na JaHUsha as Messias as die Reddende Regterhand van JaHUaH verwys, maar hulle is ryk aan leringe wat die verbeelding aangryp maar nie Skriftuurlik deurgetrek kan word nie.

Laat ons dus op ons hoede wees vir die vele en vele "kunstig verdigte fabels" waarvan Petrus praat toe hy die evangelie ronduit gedeel het (2 Pet. 1:16, Tit. 1:14, 1 Tim. 6:20). Het hy verwys na al die mooi verhaaltjies in die Judaïstiese leringe vanuit Babilon wat daardie tyd nog mondelings oorgedra is en later opgeskryf is as die Babiloniese Talmud (daar is ook die Jerusalem Talmlud)?

Die skrywer van Hebreërs was ook gekonfronteer met die onvermoë van sy gehoor om ten volle te kon begryp wat hy alles aan hulle wou oordra, en dis vandag nie anders wanneer ons die regte siening van die Melgisèdekorde verkondig en daar gewaarsku word teen die dodelike misleiding van dit wat geleer word aangaande die Staat Israel en die Jode wat nie Jode is nie. Daarmee gaan dit wat hulle glo en misleidend leer gepaard. Die misleiding van die Hoervrou van Babilon het haar volgelinge betower sodat hulle horende doof is.

> Heb 5:8 Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het;
> Heb 5:9 en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword
> Heb 5:10 en is deur Elohiem genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;
> Heb 5:11 waaroor ons veel te sê het wat swaar is om te verklaar, **omdat julle traag geword het om te hoor.**

Is ons veronderstel om diegene wat JaHUsha as Messias verloën in ons Huis van Lering in te bring?

> 2 Joh. 1:7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat JaHUsha Messias in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antimessias.
> 2 Joh. 1:8 Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang.
> 2 Joh. 1:9 Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Messias nie, hy het Elohiem nie. Wie in die leer van Messias bly, hy het die Vader sowel as die Seun.
> 2 Joh. 1:10 As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.
> 2 Joh. 1:11 Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke.

Die Openbaring van JaHUsha Messias spreek ten laaste tot diegene met 'n onverdeelde hart ...

> Open. 3:8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.
> Open. 3:9 Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.
> Open. 3:10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

Open. 3:11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.
Open. 3:12 Wie oorwin, Ek sal hom ‘n pilaar in die tempel van my Elohiem maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my Elohiem skrywe en die naam van **die stad van my Elohiem, van die nuwe Jerusalem**, wat uit die hemel van my Elohiem neerdaal, en my nuwe Naam.
Open. 3:13 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

0-0-0-0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Julie 2017